# Kuns

**JOHANNESBURG**
Die tentoonstelling *Self/Not-Self* met tientalle plaaslike kunstenaars is in die galery Brodie/Stevenson in Craighall.

LC
Die
sin
aria
bar

**EN VERMAAK**

DANSTEATER

# 'Caesar' en dans

WILLEM DE VRIES
*Kaapstad*

Q*aphela Caesar!*, 'n dansteater-aanpassing van Shakespeare se *Julius Caesar* deur die veelbekroonde choreograaf, regisseur en direkteur van die Siwela Sonke-dansteater, Jay Pather, is tans in Kaapstad op die planke.

Die verhaal van tirannie en sameswering word hervertel in 'n Suid-Afrikaanse konteks en kwessies rakende mag en persoonlike voordeel staan daarin voorop, luidens 'n persverklaring. Ook dat die tydlose temas van korrupsie, verraad, patriotisme en magstruwelinge *Qaphela Caesar!* voed wat betref sosiaal-politieke kommentaar; dit is 'n montage van multimediawerk, dans, dramateks en opera.

Pather, ook regisseur van die stuk, bring dit op die planke met ses dansers van Siwela Sonke, 19 studente van die Universiteit van Kaapstad se dramadepartement en twee studente van die UK se opera[…]skool.

Hy vertel die besluit om Shakespeare só aan te pak spruit uit sy belangstelling in aanpassings en die dekonstruksie van klassieke tekste. "Hulle vorm redelik bekende r[…] waarbinne kontemporêre idees kan rondsweef." Volgens hom help dit om die geraamte te vorm "onder die matriks van relatiwiteit en veelvuldige betekenisse, veral in werk in gemengde media".

"In *Caesar* is daar ook 'n sekere Suid-Afrikaanse aktualiteit waarmee 'n mens kan speel. Ek het ook gewerk met tekste soos *The Bacchae* (Euripedes) en Ayi Kwei […] *[…]autyful Ones Are* […] het al verskeie […]akespeare-[…]ke in dans-[…] aange-[…] soos *The* […]*st* in New […]n Zoeloe-[…]n *Othello* […]ban. […]al sluit […]by my […] postkoloniale dekonstruksie." Vroeër vanjaar het hy die choreografie gedoen vir die toneelweergawe van *As You Like It* se Maynardville-speelvak.

Wat hom in Shakespeare se werk vir dans laat belang stel, was in die geval van *Othello* 'n spel met taal en ritme, "maar ek werk hoofsaaklik

S[…]
d[…]
Wa[…]
voe[…]

VRYDAG **27 MAART** 2009

**[ST]ELLENBOSCH**
[M]ultimedia-tentoonstelling […]r Marinda du Toit getiteld […]*da* is te sien in die US galery.

Jay

me
eie
gen
ger
op
bel
in e
stel
om
en
In
stu

# Musiekkonferensie baat vele musikante

MARIANA MALAN
*Kaapstad*

Die eerste onafhanklike musiekkonferensie wat die naweek in Kaapstad gehou is, Music Exchange, kan die begin wees van gereelde slypskole en inligtingsessies oor en vir die plaaslike musiekbedryf.

Die organiseerders is twee beroepslui uit die musiekbedryf, Martin Myers en Peter Lacey (besturende direkteur van Musketeer Records). Twee internasionale en verskeie plaaslike sprekers het opgetree.

Volgens Myers bestaan daar 'n groot leemte in die plaaslike musiekbedryf oor die verskillende fasette wat belangrik is om 'n loopbaan in musiek te volg.

"Min kunstenaars weet hoe om kontrakte te beding, musiek te laat publiseer, hulself te bemark, of waar om hulp te vind.

"Baie musikante dink hulle is suksesvol as hulle 'n album gemaak het. Hulle weet nie dat dit maar graad 1 is nie. Die doel van die kongres was nie om vir hulle die volledige prent te skilder nie. Ons het net die gereedskap voorsien waarmee hulle self verder moet werk."

Volgens Myers is dit belangrik dat kunstenaars moet weet daar is nie vinnige geld te maak nie. Hulle moet ook besluit of hulle "in is vir 'n vinnige resies en of hulle in die Olimpiese span wil wees".

Daar is byvoorbeeld op die kongres beklemtoon dat musikante straatwys genoeg moet wees om hul loopbane as 'n sakeonderneming te kan bedryf. Hulle moet alles van die bedryf weet om ingeligte besluite te kan neem.

Gemeet aan die belangstelling in die eerste kongres, glo hy dat dit 'n jaarlikse instelling gaan word. Musikante sal dan toenemend die kans kry om met internasionale kenners te praat en ook blootstelling te kry.

Mense is genooi om albums te bring, en volgens Myers gaan daar deeglik na al die albums geluister word. Die musikante sal raad kry oor hoe om die albums professioneel te vervaardig en versprei te kry.

"Ons benodig 'n groep wat saamstaan ten bate van alle musikante. Ons hou 'n databasis van betrokkenes by en daar is 'n webtuiste (www.musicexchange.co.za) waar inligting beskikbaar is."

Indien alles volgens plan verloop, word die eerste van 'n reeks kort inligtingsessies aan die einde van Mei gehou.

Kate

Ir

CAPE PHILHARMONIC ORCHESTRA
KAAPSE FILHARMONIESE ORKES